*Vrydag* **27 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:1-11**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:1, 2**

**Volhardende vashou aan die volle waarheid van die evangelie**

By die lees van hierdie woorde: “tevergeefs tot geloof gekom”, ontloop ’n mens nie vrae wat gevra sou kon word nie. Is dit moontlik? Wanneer is “ja” die antwoord hierop en wanneer “nee”?

Paulus het te hore gekom dat in Korinte sekere persone was wat die opstanding van die dooies verloën het. Hierop het hy met die fokusverse ter inleiding ingegaan. Die Korintiërs is op die volle waarheid van die evangelie gewys, soos dit aan hulle verkondig is toe hy 18 maande daar gearbei het (Hand. 18:1-18). Die evangelie – as krag van God tot redding (1 Kor. 1:18) – is aan hulle verkondig. Die volle waarheid is: Jesus Christus, wat gekruisig is, is uit die dood opgewek. Dit is die grondslag waarop hulle hul lewe as gelowiges gevestig het, waar hulle die volle waarheid van die evangelie gelowig aangeneem het.

Is dit moontlik dat hulle tevergeefs tot geloof gekom het? Ja … as nie volhardend aan die volle waarheid van die evangelie vasgehou word nie. As geen opstanding uit die dood aan die evangelie toegevoeg word, of as die opstanding weggelaat word, lewer die geloof geen vrug van redding nie. Wie sy vertroue in ’n evangelie sonder opstanding stel, het tevergeefs tot geloof gekom. Sonder geloof in die opstanding van Christus is gelowige wees nie moontlik nie.

Wie nié aan iets anders as die volle waarheid van die evangelie vashou nie, glo nié tevergeefs nie. Die volle waarheid van die evangelie is immers nie deur ’n mens bedink nie, maar deur God geskenk waar Hy daardeur roep en red. Die volle waarheid is dat die Gees jou deur volhardende verdieping in die Woord van die volle waarheid van jou redding deur Christus verseker. Daarom pas dit by die lewe van hulle wat in die volle waarheid van die evangelie gevestig is, om hiervolgens te lewe: *“Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus”* (1 Kor. 15:57).

*Sing: Psalm 71-1:14*

*Ds. EJ (Eddie) Tiemensma (Emeritus)*